# Q&A

*Vayikra*

# MIDRASH VRAE

www.houtkruis.co.za

# MIDRASH VRAE

**DIE GEDEELTES WAT ONS SAAM BESTUDEER IS:**

**Torah:** Lev 1:1 – Lev 5:26
**Haftarah:** Jes 43:21 – Jes 44:23
**B'rit Hadashah:** Heb 10:1-23; Heb 13:10-15; Mat 5:23-30

1. Is 'n offer 'n opdrag of 'n uitnodiging van Abba Vader?
2. Wat is die Hebreeuse woord en beeld wat Abba Vader vir ons skilder vir offers, en wat beteken dit vir jou?
3. Wat is die eerste offer wat hulle vir Abba Vader kon bring volgens Levitikus? Wat beeld dit uit en wat was die doel van die offer? Het hierdie offer nog enigsins betrekking op ons?
4. Paulus sê in Romeine 12:1: "Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle julle liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer — dit is julle redelike godsdiens." Wat beteken dit prakties?
5. Daar is denominasies wat sekere teksverse aanhaal (soos Jesaja 1:11-13, Jeremia 6:20 en Maleagi 1:10) om te probeer bewys dat Abba Vader nog nooit die offerstelsel wou gehad het nie. Hoe is dit teenstrydig met Abba Vader se Woord?
6. Wat is die tweede offer wat hulle vir Abba Vader kon bring? Wat beeld dit uit en wat was die doel van die offer? Watter Hebreeuse beeld skets Abba Vader vir ons, en het hierdie offer nog enigsins betrekking op ons?
7. Wat was verbode om saam met graanoffers geoffer te word?

8. Wat is die derde offer wat hulle vir Abba Vader kon bring? Wat beeld dit uit en wat was die doel van die offer? Watter Hebreeuse beeld skets Abba Vader vir ons, en het hierdie offer nog enigsins betrekking op ons?

9. Hoe het die derde offer betrekking op ons, daar is mos nie meer 'n Tabernakel nie?

10. Wat is die vierde offer wat hulle vir Abba Vader kon bring? Wat beeld dit uit en wat was die doel van die offer? Watter Hebreeuse beeld skets Abba Vader vir ons, en het hierdie offer nog enigsins betrekking op ons?

11. Wie moet 'n sonde-offer bring?

12. Wat is die vyfde offer wat hulle vir Abba Vader kon bring? Wat beeld dit uit en wat was die doel van die offer? Watter Hebreeuse beeld skets Abba Vader vir ons, en het hierdie offer nog enigsins betrekking op ons?

13. Watter deel van 'n diereoffer behoort altyd aan Abba Vader?

14. Wat is met die bloed van die geofferede diere gedoen?

15. Volgens Abba Vader se Woord, mag ek bloedwors en skaaptjopie se vet eet?